# 21 November 2023 - Lesing 181 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Johannes 1:9*** *Die* ***ware Lig*** *wat elke adamiet verlig, was aan kom in die wêreld. 10 Hy was in die wêreld, en die* ***wêreld het deur Hom ontstaan,*** *en die wêreld het Hom nie geken nie. 11 Hy het na Sy Eiendom gekom,* ***en Sy Eiendom het Hom nie aangeneem nie.***

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die lig daal af na die Aarde – 24/12/60

**NO: 7780** Die wêreld lê in boeie gekluister.

Begryp dit goed, dat geen mens homself kon vrymaak uit die kettings van satan nie, wat oor die aarde gegaan het, en wat in die wêreld van Lucifer leef, wat die gevalle geestelike bevat. Hy hou hulle geketting en hy sou hulle ook ewiglik nie losgelaat het nie, want in hom is geen liefde nie. In hom is slegs haat en weerstand teen My, **die ewige Liefde, waaruit ook hy voortgekom het.**

Die wêreld lê in boeie gekluister en daarom het **Ek Self** na die aarde afgedaal om hierdie boeie los te maak, om die kettings te verbreek, om die gevallenes te help om weer opwaarts te gaan, **om die mense te verlos uit sy mag.** Dat Ek neergedaal het na die aarde was 'n werk van die grootste barmhartigheid.

Want die mense het hulleself deur **eie skuld** in hierdie toestand van rampsaligheid bevind, omdat hulle hom eens **vrywillig gevolg** het. Hulle het hulleself in die duisternis bevind en geen enkele liggie sou toegang verkry het tot hierdie gevallenes nie, as Ek Myself nie oor hulle ontferm het nie en vir hulle 'n lig onsteek het om aan hulle die weg aan te wys wat na My lei, terug na hul Vader, Wie hulle eens vrywillig verlaat het. Daarom het die Lig self na die aarde afgedaal.

**Die ewige Lig het Homself in 'n kindjie beliggaam,** om die weg as mens te aanvaar op hierdie aarde. **En die kindjie JaHshua het vir My die omhulling geword**.

Hy was die menslike vorm van wie Ek My bedien het om die verlossingswerk te volbring, om My teenstnder in 'n openlike stryd te oorwin en van hom die siele te ontworstel **wat die wil gehad het en daarna verlang het om na My terug te keer**.

Ek het vir hierdie siele die koopsom betaal. Ek het My lewe gegee aan die kruis, **Ek het hulle vrygekoop van My teenstander met My bloed**.

Ek het dus die weg oor die aarde aanvaar as mens met die geboorte van die seuntjie JaHshua, wat daarom al 'n ongewone gebeurtenis was, omdat die mens JaHshua ook 'n buitengewone taak gehad het om te vervul:

Om My Self as omhulsel te dien, omdat die sondige mensdom My nie in My volheid van Lig sou kon verdra het nie en **daarom moes die Lig van Ewigheid omhul word**.

Tog het die kindjie JaHshua al 'n ongewone lig uitgestraal, maar **was slegs vir diegene sigbaar wat deur 'n lewenswandel in liefde** in staat was om die lig te verdra en hulle daarom ook in My nabyheid toegelaat was.

Want Ek het geweet wie hierdie innerlike rypheid besit het en het die weinige mense na My toe aangetrek, wie My nou as kindjie in die krip gehuldig het as koning. Want hulle eenvoudige siele het My herken en **hulle het My aanbid**. En My geboorte het homself afgespeel in die verborgene.

Want die **volheid van Gees** wat die kindjie JaHshua by Sy geboorte deurstraal het, staan die wonderbaarlike gebeurtenisse toe en so sou enige van die weininges ingesien het dat **die aankondigings van vele profete in vervulling gegaan het**, wie die Messias voorspel het Wie aan die mense redding sou bring in die diepste nood.

**Diegene wat nog in een God geglo het en wie se hart gewillig was om lief te hê**, het hulle Messias met vurige verlange verwag. En hulle hoop was vervul met My geboorte.

En My taak het begin deur om liefde uit te deel en daardeur in die mense wederliefde te wek. Ek het die lewe as 'n mens op My geneem. Ek het voldoen aan al die wette van die natuur. Ek het bewustelik die weg oor die aarde gegaan met die doel om te ly en te sterf aan die kruis. En wanneer ook soms die Gees uit My deurgebreek het en Homself geuiter het, was Ek nietemin nie meer bevoorreg as ander mense nie, want Ek moes al die verderflike geestelike wat My lastig geval het, net so oorwin as wat die taak vir julle mense daargestel is. Want ek wou vir julle die lewe voorlewe wat beantwoord het aan die wil van **die Vader wat in My was.**

Ek moes ook My vleeslike liggaam so omvorm en vergeestelik dat die ewige Liefde Sy intrek daarin kon neem. En My aardse bestaan het My voortdurend geleentheid daarvoor gebied, want Ek het tog My lewe as "mens" afgelê omdat julle mense almal My voorbeeld sou moes volg en julle menslike liggaam in orde moes bring tot 'n houer vir die goddelike Gees, soos wat Ek dit ook moes doen en gedoen het toe Ek 'n kind was gedurende die jare voor My eintlike werksaamheid as leraar.

En die Vader het intrek geneem in die mens JaHshua, wat Homself **sodanig gevorm het dat Hy My as woonplek kon dien**. As mens JaHshua was Ek dus "vol van Gees". Ek het onderrig en wonderwerke gedoen, **omdat die Vader Self in My was**, wat elke mens kan bereik wanneer hy maar die ernstige wil het om die goddelike Gees as houer te dien, waarin Hy kan uitstroom.

En dan is elke mens ook in staat om homself uit die bande van die teenstander te bevry, want sodra hy die verbinding **met My in JaHshua Messias** aangegaan het, verbreek **Ek Self** die kettings en maak hom vry.

Want Ek het oor die aarde gegaan om die mense te verlos.

En Ek het vir die mense **die lig gebring**, sodat hulle ook nou die weg kon vind en gaan, wat teruglei na My, terug in die Vaderhuis. Amein.